# Les 19 GELIEFDE KINDERS: GOD HET ONS PERSONE GEMAAK

## 1. Die sesde gebod

Die sesde gebod van die Here klink só: [13] *"Jy mag nie moord pleeg nie."* Mense mag nie mense vermoor nie. Hoekom nie? Want wie maak mense en gee aan mense lewe? Die Here maak mense. Nét God is die Skepper, en nét God maak mense.

Die gawe wat die Here aan mense gee om mense te mag wees, is menslike lewe. Menslike lewe is heeltemal iets anders as ander soorte lewe.

Mag mense hoenders doodmaak om te eet? En beeste, skape en bokke? Mag mense visse doodmaak om te eet? En krewe, seekatte en krappe? Ja. Mense mag diere slag en visse vang en laat doodgaan.

Mag mense koring afkap om brood mee te bak? En mielies? Ja. Daarom kan boere koring en mielies afkap en die plante laat doodgaan.

Mense mag plante en diere doodmaak. Mense mag insekte doodmaak. Daarom mag ons gif in huise spuit en al die vlieë, muskiete en ander goggas doodmaak.

As mense plante doodmaak, is dit nie moord nie. As mens insekte doodmaak, is dit ook nie moord nie, en as mense enige dier doodmaak, is dit nie moord nie.

Maar as een mens ’n ander mens doodmaak – dan is dit moord. En moord is baie anders as om ’n plant, dier of insek dood te maak.

Daarom sê die Here dat jy nie mense mag vermoor nie. Want dit is heeltemal iets anders as om plante, diere of insekte dood te maak.

## 2. Mense is persone

Mense behoort aan die Here, en mense wíl aan die Here behoort. Kyk hoe sê twee predikante in die Ou Testament dit:

*" [4] Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne."* (Esegiël 18)

*"[5] Die een sal sê: "Ek behoort aan die Here," en homself ’n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S’n"* (Jesaja 44)

Die manier waarop ons aan die Here behoort, is deurdat die Here ons liefhet. En die manier waarop ons aan die Here wíl behoort, is deur die Here lief te hê – ons kan saam met die Here leef, die Here ken, na die Here toe gaan en tot Hom bid, en ons kan die Here dien deur alles te doen wat Hy vir ons sê.

Om aan die Here te behoort en aan die Here te wíl behoort, maak mense persone. Dit maak dat hulle die Here se liefde kan ontvang, en aan die Here liefde kan gee. ’n Persoon is iemand vir wie God lief is, en wat die Here óók kan liefhê.

Plante, insekte en diere kan nie, en wil nie op hierdie manier aan die Here behoort nie. Hulle kan nie die Here se liefde ontvang nie, en hulle kan nie die Here liefhê nie.

Jy is ’n persoon – want jy ontvang die Here se liefde, en die Here ontvang die liefde wat jy vir Hom gee.

**3. Moord is om ’n persoon te haat**

Moord is dus anders as om plante, diere en insekte dood te maak. Want as jy ’n mens doodmaak, dan maak jy iemand vir wie God liefhet, en wat God óók liefhet, dood.

Moord is om te wil maak dat iemand nie meer aan die Here kan behoort nie, en nie meer self aan die Here kan wíl behoort nie. Moord is om te maak dat mense nie meer binne die liefde van God kan leef nie, en nie meer vir God kan liefhê nie.

Hoekom sal iemand so iets wil doen? Om te keer dat jy aan die Here behoort. Om te keer dat jy binne die liefde van die Here kan leef, en om te keer dat jy die Here kan liefhê.

As iemand so iets wil doen – dan haat hy jou!

Dit is waaroor haat gaan, om te keer dat iemand aan God kan behoort: om te keer dat God iemand kan liefhê, en om te keer dat iemand God kan liefhê.

**4. Mense oefen om ander mense dood te maak**

Hoeveel mense dink julle word elke jaar in Suid-Afrika doodgemaak?

18,000 mense! Dit is ’n hele dorp so groot soos Louis Trichardt. Elke jaar word ’n hele dorp vol mense in ons land doodgemaak.

Hoe dink julle gebeur dit? Kan dit alles maar sommer net ongelukke wees? Kan mense sê niemand het bedóél om 18000 mense dood te maak nie? Dit was nie aspris nie? 18,000 mense het maar toevallig doodgegaan?

Nee! Mense beplan en oefen om mense dood te maak. Doodslaan, doodskiet, doodkap, doodwurg of doodry is maar net die einde van ’n baie lang oefening hoe om mense dood te maak.

**5. Van slegsê tot doodmaak**

Die eerste ding wat ’n mens moet regkry voordat jy iemand kan doodmaak, is om te maak asof daardie mens nie ’n persoon is nie.

Wat is ’n persoon nou weer? Dit is iemand vir wie die Here lief is, en wat die Here ook kan liefhê.

Raai wat is die manier waarop ons maak asof die Here nie iemand liefhet nie? Dit is om iemand te vloek!

Dink bietjie aan al die vloekwoorde wat mense gebruik om ander mense te vloek. As iemand regtig is soos jy hom vloek – is hy nog ’n persoon? Is hy nog iemand wat die Here liefhet, en vir wie die Here lief is?

Kom ons vat een vloekwoord as voorbeeld. As jou pa of ma vir jou sê jy is ’n slegte nikswerdkind, dink hulle jy het die Here lief, en die Here het jou lief? Nee. As iemand vir jou sê jy is ’n slegte nikswerdkind, dan sê julle jy is te sleg om liefde te kry, of liefde te kan gee.

Dit is wat mense met vloekwoorde doen! Hulle maak dat mense nie meer persone is nie. Met vloekwoorde probeer mense ander só sleg maak dat God hulle nie kan liefhê nie, en dat hulle nie regtig vir God kan liefhê nie.

Dink maar aan al die vloekwoorde wat julle al gehoor het waarmee mense ander mense vloek – dit is hoe mense ander mense as persone doodmaak. Jy vloek hulle eers dood.

En as jy iemand eers doodgevloek het, dan is dit baie maklik om so ’n mens dood te maak. Want dan voel dit maar dieselfde as om ’n dier, ’n plant of ’n insek dood te maak.

Dit is hoe mense elke dag oefen om moordenaars te word – hulle vloek mense dood. Hulle vloek hulle só sleg dat hulle dink God of mense kan nie meer so ’n mens liefhê nie.

Mense vloek ander mense om te wys hulle behoort nie aan die Here nie. En as hulle nie aan die Here behoort nie, dan kan jy met hulle maak soos mens met diere, insekte en plante maak – jy kan hulle doodmaak en dit is nie moord nie.

**6. Opdrag**

Hier is hierdie week se opdrag: gaan kyk en luister ’n bietjie na jou maats of familie se gevloek. Dan kyk jy of hulle dink dat die een wat hulle gevloek het, nog

’n persoon is: iemand vir wie God liefhet, en iemand wat God as sy Skepper kan liefhê.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

_________________________________
Handtekening: ouer of voog